NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur 100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1 BEGROTINGS (34 punte; 41 minute)

Sizwe besit die vernaamste winkel in Blinkmiss, 'n klein dorpie. Blinkmiss Algemene Handelaars verkoop alles van vars produkte en voedsel tot kombuistoestelle, meubels en tuintoerusting. Blinkmiss se jaareinde is 31 Augustus.

Blinkmiss se bankrekening is oortrokke en Sizwe is meegedeel dat 'n Kontantbegroting kan help om dit reg te stel. Dus het hy die volgende Kontantbegroting opgestel:

Kontantbegroting van Blinkmiss Algemene Handelaars vir Julie en Augustus 2022

	Julie	**Augustus**
Ontvangste	??	??
Kontantverkope	**A**	45 760
Kontant uit debiteure	??	??
Betalings	??	??
Kontantaankope van handelsvoorraad	105 000	**B**
Betalings aan krediteure	38 640	**C**
Verlies van vars produkte	**D**	??
Huur	**E**	23 100
Water en elektrisiteit	**F**	**G**
Skryfbehoeftes	??	??
Lone	??	??
Trekkings	**H**	**H**
Oninbare skuld	20 328	??
Surplus/tekort	(90 146)	(58 991)
Bank aan begin van maand	(57 063)	(147 209)
Bank aan einde van maand	(147 209)	(206 200)

IEB Copyright © 2022

Debiteure-invorderingskedule vir die maande Julie en Augustus 2022

	Kredietverkope	Julie	Augustus
Mei	147 840	66 528	–
Junie		51 774	
Julie	211 200		
Augustus		–	

Bykomende inligting

1. Blinkmiss Algemene Handelaars handhaaf 'n winsgrens van 120% op kosprys.

2. Blinkmiss Algemene Handelaars hou 'n vaste basisvoorraadvlak.

3. Vars produkte (vrugte en groente) maak 60% van hul totale maandelikse voorraad uit en word by boere, markte en mense met vrugtebome in hul tuine gekoop. 'n Derde van die vars produkte word elke maand weggegooi omdat dit oorryp is.

4. 30% van die voorraad word op krediet gekoop.

5. Krediteure word in die maand na die aankope betaal om vir 'n 8%-korting op die betalings te kwalifiseer.

6. Kontantverkope is 20% van die totale verkope.

7. Die debiteure-invordering is soos volg:
   - 10% word in die maand van die verkope ontvang.
   - 30% van debiteure betaal in die maand na die verkope.
   - 'n Vaste persentasie betaal in die 2de maand na die verkope. Diegene wat nie in hierdie maand betaal nie, word as oninbare skuld afgeskryf op die 1ste dag van die 3de maand na die verkope.

8. Die huur is in Augustus met 5% verhoog.

9. Die maandelikse uitgawe aan water en elektrisiteit is R5 500. Sizwe betaal maandeliks 'n ekstra R500, aangesien hy nie water en elektrisiteit in Augustus wil betaal wanneer hy met sy jaareindprosedures besig is nie.

10. Sizwe neem elke maand skryfbehoeftes ter waarde van R400 huis toe en onttrek maandeliks R20 000 kontant.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING (41 punte; 49 minute)

Tongaat Hulett Ltd is een van die grootste kwekers en produsente van suiker, stysel, glukose en beeste- en veevoer. Hulle besit 'n groot hoeveelheid kommersiële grond in KwaZulu-Natal.

Onlangse geskiedenis:

In April 2019 het Tongaat Hulett Ltd (Tongaat) aangekondig dat daar nie op hul 2018 finansiële resultate gesteun kan word nie. Hulle het bevind dat 10 uitvoerende beamptes, waaronder voormalige HUB Peter Staude, wins geïnfleer het om hul eie finansiële aansporings te versterk, wat daartoe gelei het dat die maatskappy se ekwiteit met R4,5 miljard ooraangegee is. Hulle het onder andere inkomste in vroeër rekeningkundige tydperke erken as wat dit gedoen moes word en hulle het uitgawes ontoepaslik na bates gekapitaliseer.

Die PwC-ondersoek het probleme geïdentifiseer, waaronder bestuurspraktyke, rekordhouding, stelselgebruik en finansiële verslagdoening.

Tongaat het gevra dat hul notering opgeskort word om beleggers teen spekulatiewe verhandeling te beskerm. Die JSE en die London Stock Exchange het toe hul notering sedert 10 Junie 2019 opgeskort (niemand kon aandele koop of verkoop nie). Die JSE het weer in Februarie 2020 begin om die Tongaat-aandele te verhandel en hulle met R7,5 miljoen beboet.

Sedertdien het Tongaat KPMG as hul interne ouditeur aangestel.

Deloitte was vir meer as 15 jaar Tongaat se eksterne ouditeur. Die maatskappy het met 'n interne ondersoek begin en alle senior ouditeurs op die Tongaat-oudit vervang.

Tongaat het as deel van hul opruimstrategie met siviele eise (dagvaring in die hof) teen sommige van die direkteure begin.

In artikel 29(6) van die nuwe Maatskappywet 2008 is 'n persoon aan 'n misdryf skuldig indien hy meedoen aan die opstel of publikasie van enige finansiële state terwyl hy weet dat hierdie state op 'n wesenlike manier in gebreke bly om die stand van sake en besigheid van die maatskappy billik aan te bied.

[<https://debeerattorneys.com/2019/09/25/can-company-directors-be-held-liable-for-criminal-liability-by-claire-gibson/?utm_source=Mondaq&utm_medium=syndication&utm_campaign=LinkedIn-integration>]

IEB Copyright © 2022

Aangepas uit **DIE STAAT VAN WINS OF VERLIES OP 31 MAART**
(Aangepaste Staat van Omvattende Inkomste)

	2020 R'miljoen	2019 R'miljoen
Verkope	15 775	13 506
Koste van verkope	(8 591)	(9 394)
Bruto wins	7 184	4 112
Ander bedryfsinkomste	337	74
Bedryfsuitgawes	(3 871)	(3 190)
Bemarkings- en verkoopsuitgawes	1 023	919
Administratiewe en ander uitgawes	2 836	2 271
Ander uitgawes	12	0
Bedryfswins	3 650	996
Finansieringsinkomste	284	149
Finansieringskoste	(1 880)	(1 478)
Netto monetêre verlies vanweë hiperinflasie in Zimbabwe	(1 296)	–
Wins/(verlies) voor belasting	758	(333)
Belasting	(228)	(459)
Wins/(verlies) vir die jaar	530	(792)

VERHOUDINGS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART

	2020	2019
Winsgrenspersentasie	83,62%	43,77%
Bedryfsuitgawes op verkope	24,54%	23,62%
Bedryfswins op verkope	20,65%	7,37%
Netto wins op verkope	3,39%	(5,86%)
Netto batewaarde	(2 033) sent	(2 644) sent
Opbrengs op kapitaal aangewend	43%	97,57%
Verdienste per aandeel	90 sent	(823) sent
Dividende per aandeel	0	0
Bedryfsverhouding	0,62 : 1	0,52 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	25 dae	33 dae
Voorraad-omsetsnelheid	2,62 keer	3,39 keer

Leningsrentekoers: 4,5% per jaar

Voorraad:













IEB Copyright © 2022

Aangepas uit die **STATE VAN FINANSIËLE POSISIE op 31 MAART**

BATES	**2020 R'miljoen**	**2019 R'miljoen**	**2018 R'miljoen** Heraangegee
Niebedryfsbates	7 719	??	8 093
Bedryfsbates	10 429	??	10 593
Voorraad	5 853	5 225	6 136
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	1 071	1 528	1 713
Kontant en kontantekwivalente	1 242	962	2 723
Ander	2 263	??	21
TOTALE BATES	18 148	15 041	18 686
EKWITEIT EN LASTE			
Ekwiteit	(1 595)	(2 972)	62
Aandelekapitaal	1 679	1 679	1 679
Opgehoopte verliese	(3 274)	(4 651)	(1 617)
Niebedryfslaste	2 816	2 463	2 794
Bedryfslaste	16 927	15 550	15 830
Lenings	12 439	11 438	11 303
Handels- en ander betaalbare bedrae	2 493	3 553	3 558
Ander	1 995	559	969
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	18 148	15 041	18 686

Heraangegee: Tongaat het teruggegaan en hul finansiële state verander nadat die bedrog ontdek is. Hulle het al die bedrieglike transaksies wat hulle kon opspoor, deurgegaan en heropgeteken volgens AARP.





Aankondiging vrygestel op Vrydag, 21 Februarie 2020

Tongaat Hulett Ltd het 'n verkoopsooreenkoms met Balwin Properties Ltd gesluit ingevolge waarvan Tongaat ingestem het om 64 hektaar in Umhlanga Rocks vir 'n totale koopprys van R167 264 956,96 te verkoop.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 VERSOENINGS (25 punte; 30 minute)

Elegance is 'n meubelwinkel wat deur Jayshree besit word. Sy bied haar klante 'n krediet-fasiliteit waar hulle 'n debietorder kan teken en dan hul meubels in gelyke paaiemente oor agt maande kan afbetaal. Indien hulle hierdie opsie kies, voeg sy 20% by die verkoopsprys by en bied dit aan as die bedrag vir hul maandelikse debietorder. Die meeste van haar klante aanvaar hierdie opsie.

Hieronder is 'n staat van een van haar verskaffers.

Furniture Co.

Besigheidstraat 101
Midrand
0012

Staatno.: 30

Datum: 30 April 2022

Datum		Transaksies	Debiet	Krediet	Saldo
2022 Jan	29	Faktuur 39	36 800		36 800
	31	Kwitansie		20 000	16 800
		Korting		2 944	13 856
Feb	4	Kredietnota 4		8 800	5 056
	18	Faktuur 43	36 200		41 256
	28	Kwitansie 69		20 000	21 256
		Korting		1 600	19 656
Mrt	22	Faktuur 47	19 000		38 656
	23	Kredietnota 6		5 050	33 606
	31	Kwitansie 72		20 000	13 606
		Korting		1 600	12 006

Bepalings:	• 8%-korting verleen indien voor 90 dae van faktuurdatum betaal.				
Ouderdoms-ontleding:	90 dae	60 dae	30 dae	Huidig	
	0	0	0	R12 006	

Toe die staat met die Krediteuregrootboek vergelyk is, is die volgende teenstrydighede aangetref:

- Furniture Co. het die 8%-korting op 31 Januarie op die faktuurbedrag van R36 800 bereken.
- Faktuur 43 is aan Elly's Fun Furniture uitgereik en nie aan Elegance nie.
- 'n Handelskorting van 5% is weggelaat op faktuur 47.
- Kredietnota 6 is verkeerd op die krediteurestaat opgeteken. Die korrekte bedrag is R5 500.
- Op 30 April het Elegance nog R20 000 via EFO aan Furniture Co. betaal. Dit neem twee dae voordat die EFO op Furniture Co. se bankstaat verskyn.

IEB Copyright © 2022